# Jerusalem

## en tot aan die eindes van die aarde




Handelinge 1:1-8


MARS ONE

8Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor
julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel
as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke
van die wêreld.”

*Handelinge 1:8*

# Jerusalem

*en tot aan die eindes*

**van die aarde**




*Handelinge 1:8*

# Die Program

## *van die Heilige Gees*




*Handelinge 1:8*

1 Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op
een plek bymekaar. 2 Skielik was daar 'n geluid uit die hemel
soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek
gevul waar hulle gesit het. 3 Hulle het iets soos vuur gesien wat
in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. 4 Almal is
met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin
praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy
leiding te doen.

*Handelinge 2:1-8*

5Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die
son in Jerusalem gewoon. 6Toe die mense die geluid hoor,
het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor
het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie
geweet hoe hulle dit het nie. 7Verras en verbaas sê hulle
toe: “Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs.
8Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal?

*Handelinge 2:1-8*



nt Palestine
Tyre
Caesarea
Philippi
SYRIA
PHOENICIA
TRACHON
Ptolemais
Capernaum
saida
BATANEA
Cana
GALILEE
Nazareth
Caesarea
DECAPOLIS
AURANITIS
SAMARIA
PEREA
Joppa
Bethel
JUDEA
Jericho
Jerusalem
Bethany
Bethlehem
ASHKELON
Salt
Sea

1 Ook Saulus het hierdie moord goedgekeur. Daardie dag het daar
'n hewige vervolging van die gemeente in Jerusalem begin. Al die
gelowiges behalwe die apostels is uitmekaar gejaag en verstrooi
oor die gebiede van Judea en Samaria.
4 Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is, het so ver as wat hulle
gegaan het, die evangelie verkondig. 5 So het dit gebeur dat
Filippus by 'n stad in Samaria gekom het en Christus daar
verkondig het.

*Handelinge 8:1;4-5*

14Toe die apostels in Jerusalem hoor dat die mense in
Samaria die woord van God aanvaar het, het hulle vir Petrus
en Johannes daarheen gestuur. 15Dié het toe gegaan en vir
die mense daar gebid dat hulle die Heilige Gees mag
ontvang, 16want die Gees het nog nie op een van hulle
gekom nie; hulle was net in die Naam van die Here Jesus
gedoop. 17Die apostels het hulle die hande opgelê, en hulle
het die Heilige Gees ontvang.

*Handelinge 8:14-17*


Palestine
Tyre
Caesarea
Philippi
PHOENICIA
Ptolemais
Capernaum
Cana
BATANEA
Nazareth
Caesarea
SAMARIA
Jordan
River
PEREA
Joppa
Bethel
JUDEA
Jericho
Jerusalem
Bethany
Bethlehem
ASHKELON
Salt
Sea

44 Terwyl Petrus nog praat, het die Heilige Gees op almal gekom wat
na die woord geluister het. 45-46 Toe die Joodse gelowiges wat saam
met Petrus gekom het, hoor hoe die mense ongewone tale of klanke
gebruik en God prys, was hulle baie verbaas dat die Heilige Gees as
gawe uitgestort is ook op mense wat nie Jode is nie. En Petrus sê:
47 "Hierdie mense het net soos ons die Heilige Gees ontvang. Wat
kan dan verhinder dat hulle nou met water gedoop word?" 48 Toe het
hy beveel dat hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop moet
word. Daarna het hulle hom gevra om 'n paar dae by hulle te bly.

*Handelinge 10:44-48*


Palestine
Tyre
PHOENICIA
Caesarea
Philippi
SYRIA
GAULANITIS
Ptolemais
Capernaum
Caesarea
DECAPOLIS
AURANITIS
SAMARIA
Jordan
River
Joppa
PEREA
Bethel
JUDEA
Jericho

1Terwyl Apollos in Korinte was, het Paulus deur die
binneland gereis en in Efese gekom. Daar het hy 'n groepie
gelowiges gekry 2vir wie hy gevra het: “Het julle die Heilige
Gees ontvang toe julle gelowig geword het?”
“Ons het nog nie eens gehoor of die Heilige Gees al gekom
het nie,” het hulle geantwoord.
3“Watter soort doop het julle dan ontvang?” vra hy toe.
“Die doop van Johannes,” antwoord hulle.

*Handelinge 19:1-7*

4Daarop sê Paulus: "Johannes het die mense gedoop as
hulle hulle bekeer het. Maar hy het vir die volk gesê dat
hulle in die Een moet glo wat ná hom kom, dit is in Jesus."
5Toe hulle dit hoor, het hulle hulle in die Naam van die Here
Jesus laat doop. 6Paulus het hulle ook die hande opgelê. Toe
het die Heilige Gees op hulle gekom, en hulle het ongewone
tale of klanke gebruik, en hulle het geprofeteer. 7Hulle was
altesaam omtrent twaalf.

*Handelinge 19:1-7*


GALATIA
Ephesus
Corinth
PHRYGIA
Antioch
Caesarea


Scale 1:34,000,000
Lambert Conformal Conic Projection
SP 21N/69N
0 500 Kilometers
0 500 Miles
F.Y.R.O.M. - The Former Yugoslav Republic of Macedonia
U.A.E. - United Arab Emirates
The West Bank and Gaza Strip are Israeli occupied with current status subject to the Israeli-Palestinian Interim Agreement -- permanent status to be determined through further negotiations.
Arctic Circle
Norwegian Sea
ICELAND
SWEDEN
FINLAND
NORWAY
RUSSIA
ESTONIA
LATVIA
LITHUANIA
Baltic Sea
North Sea
DENMARK
IRELAND
UNITED
NORTH ATLANTIC OCEAN
AZORES (PORTUGAL)
POLAND
BELARUS
UKRAINE
KAZAKHSTAN
Lake Balkhash
Aral Sea
UZBEKISTAN
KYRGYZSTAN
TAJ.
MOLDOVA
Sea of Azov
FRANCE
SWITZ.
LIECH.
SLOVENIA
CROATIA
BOS. & HER.
ROMANIA
Caspian Sea
TURKMENISTAN
Black Sea
GEORGIA
AZER.
ARM.
YUGOSLAVIA
BULGARIA
F.Y.R.O.M.
PORTUGAL
ANDORRA
Sardinia
VATICAN CITY
SAN MARINO
AFGHANISTAN
MADEIRA ISLANDS (PORTUGAL)
Gibraltar (U.K.)
Sicily
MALTA
Crete
CYPRUS
LEBANON
TURKEY
IRAN
PAK.
IRAQ
CANARY ISLANDS (SPAIN)
MOROCCO
TUNISIA
Mediterranean Sea
West Bank
JORDAN
KUWAIT
Persian Gulf
BAHRAIN
QATAR
U.A.E.
OMAN
Western Sahara
ALGERIA
LIBYA
EGYPT
SAUDI ARABIA
Red Sea
Tropic of Cancer
MAURITANIA
MALI
SENEGAL
YEMEN
Arabian Sea


ARCTIC OCEAN
Greenland
Svalbard (Nor.)
ARCTIC OCEAN
United States
Canada
Iceland
Norway
Sweden
Finland
Russia
United Kingdom
Den.
Neth.
Estonia
Latvia
Belarus
Ger.
Pol.
Kazakhstan
Mongolia
Georgia
Portugal
Italy
Uzb.
Turkm.
Kyrgyzstan
Tajikistan
Japan
United States
OCEAN
Greece
Azer.
S. Korea
Tunisia
Lebanon
Iran
Afg.
China
Israel
Pakistan
Nepal
Bhutan
PACIFIC
Mexico
Libya
Jordan
Kuwait
Western
Egypt
Saudi Arabia
India
Laos
Taiwan
PACIFIC
Mauritania
Mali
Chad
Eritrea
Bangl.
Burma
Honduras
Senegal
Yemen
Vietnam
Philippines
OCEAN
Guatemala
Nicaragua
Sudan
Djibouti
Thailand
Costa Rica
Ven.
Guyana
Sierra Leone
Ethiopia
Cambodia
Panama
C.A.R.
Colombia
Cote d' Ivoire
Ghana
Togo
Somalia
Malaysia
Ecuador
Suriname
Dem. Rep. of Congo
Uganda
Papua New Guinea
OCEAN
Kenya
INDIAN
Solomon Islands
Rep. of the Congo
Tanzania
Indonesia
Peru
Brazil
Malawi
Zambia
Bolivia
Madagascar
Zimbabwe
Fiji
Mozambique
Paraguay
Chile
ATLANTIC
Swaziland
OCEAN
Lesotho
Argentina
Uruguay
OCEAN
South Africa
New Zealand



19Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel
die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het
Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê:
“Vrede vir julle!” 20Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy
sy vir hulle. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien.
21“Vrede vir julle!” sê Hy weer vir hulle. “Soos die Vader My
gestuur het, stuur Ek julle ook.” 22Nadat Hy dit gesê het, blaas
Hy oor hulle en sê: “Ontvang die Heilige Gees!

*Johannes 20:19-22*

# Jerusalem

*en tot aan die eindes*

**van die aarde**




*Handelinge 1:1-8*